

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

Koppies boer gevonniss
vir 15 jaar effektiewe
trunkstraf nadat hy skuldige
bevind is aan bedrog
en diefstal.

>>> BLADSY 6

Skilderye op veiling verkoop
met die saamsmelting van die
Hoërskool en die Primêreskool
in 1997.

>>> BLADSY 7

Kliniek tydelik gesluit
aangesien sommige werkers
in kontak was met van die
persone wat positief getoets
het vir Covid-19.

Lebohang Suzan (Mempe) Mokoena (23), young girl in the prime of her life, was brutally shot next to her home in the early hours of Wednesday morning. At about 01:10 the suspect entered the family house at Lahlamlenze section, held people at gun point demanding money and cell phones and tried to rape the other sister. The intruder was attacked by family members who tried to take possession of his firearm. During the struggle a shot went off and the robber tried to fled the scene. Mempe went after him and was shot outside the house, killing her instantly. The suspect took an amount of R220 in coins and bank notes.

Phiritona residents are not happy with the current safety situation and

live in daily fear for their lives. The residents want the police to be more present in the different wards and feel that this incident was the last they can tolerate. Motsamai Kheswa, spokesperson for the group Concerned Residents, told Heilbron Herald that gangster and drug abusers is threatening their lives. Residents don't sleep at night in fear of these people. We must do something about this situation and SAPS is not helping us. Visible policing and patrols are non-existing and the excuse are that SAPS don't have enough vehicles, according to Kheswa. They took their concerns to the streets on Wednesday and marched to the Police Station but could not speak to the local head of Police, Col. John Mokhethi.



**YOUNG
GIRL
SHOT IN
PHIRITONA**

Warm skemerson oor Heilbron?

19^{de} PRODUKSIEVEILING
Don. 11 JUNIE 2020 - 11:00
SUNNYSIDE, Heilbron
Frankfort Heilbron 051 222 1122 / 051 222 5670

Besigtigingsdag: 10 Junie 2020, 15:00

20 Bulle
(Fase D getoets)

250 Vronlike diere
(alle produktestadie)

200km Gratis Aflewering
Vir alle kopers op die dag van die veiling

NAVRAAT
Bosveld, 11 Junie 2020, 11:00
100% Grondseker 051 965 4277

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAG - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Poebus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbloewid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2005/226172/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

VUURWAPEN-AMNESTIE SKEP VERWARRING

Verwarring heers oor die vroeëre uitlating van die minister van polisie, Bheki Cele, dat die amnestieperiode om onwettige vuurwapens in te handig, verleng sou word. Die bestaande amnestieperiode het op 31 Mei verstryk.

Dit moet duidelik gestel word dat die minister nie die bevoegdheid het om die amnestieperiode te verleng nie. Hy kan slegs ’n versoek aan die parlement rig om ’n nuwe periode van amnestie.

In die parlement moet die nasionale vergadering se portefeuljekomitee vir polisie, asook die staande komitee vir veiligheid in die nasionale raad van provinsies, die versoek bespreek waar dit selfs gewysig kan word voor finale goedkeuring.

Nadat die komitees dit goedgekeur het, moet dit finaal in die nasionale vergadering goedgekeur word.

Die minister en sy departement het verkeerdelik gedink ’n blote verlenging van 1 Junie kon gevra word. Die VF Plus (dr. Pieter Groenewald) het in die polisiekomitee gesê dit sou onwettig wees, aangesien die proses nie korrek gevolg is nie.

’n Nuwe proses word nou gevolg en ’n nuwe versoek wat vra om ’n amnestieperiode vanaf 1 Augustus 2020 tot 31 Januarie 2021, dien môre voor die portefeuljekomitee van polisie en sal die korrekte proses volg.

Die VF Plus het nie in beginsel ’n beswaar teen ’n vuurwapenamnestieperiode nie, maar die korrekte prosedure moet gevolg word.

Die werklikheid is dat die doel van ’n amnestieperiode om onwettige vuurwapens van misdadigers uit die samelewing te onttrek, ’n mislukking is aangesien nog nie ’n enkele misdadiger in die amnestieperiodes tot nou toe ’n vuurwapen ingehandig het nie.

Deel van die verwarring is weens die onbevoegdheid van amptenare. Aangewese vuurwapenbeamptes (AVB) is nie behoorlik opgelei nie en weet nie wat die wetlike bepalings is nie. Sommige AVB’s ontvang vuurwapens en ander nie. Dit moet reggestel word.

Mediaverklaring uitgereik deur Dr. Pieter Groenewald, VF Plus-leier. 2 Junie 2020. Kontaknommers: 083 627 4397 / 065 801 7216



DATUMS VIR SKOOLHEROPENINGS
*Vrygestel in die Staatskoerant,
1 Junie 2020.
Dok. no. 43381*

Gr 7 & 12 : **1 Junie**
Gr R, 1, 2, 3, 6, 10, 11 : **6 Julie**
Gr 4, 5, 8 & 9 : **3 Augustus**

FUNKSIONELE TERAPEUT
PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLIES, GESINSBERADING
KINDER-SPELTERAPEUT
TRAUMA, VERLIES, GEDRAGSPROBLEME
BRÉDA SCHEEPERS: 083 660 5873

Brain Teaser

L	↗	2
2	S	✓
↘	S	4

NUMBER TWIST
This one is a little trickier than the ones before, but we've got faith in you! Here's how it works: you look at the numbers and decide if they have been rotated, or if they have been reversed. Don't cheat by turning your screen (or head) - time yourself and let us know how long it took you in the comments!



Corné Loggenberg (38), is op 29 Mei in die hof in Kroonstad tot 15 jaar effektiewe tronkstraf gevonnissen nadat hy skuldig bevind is aan bedrog en diefstal. Reger Lanie Opperman, het bevind dat Loggenberg beleggers landswyd mislei het om melkkoeie aan te koop wat hy dan in sy melkery op die plaas Kirkdale, tussen Heilbron en Koppies gebruik het. Die staat het bewys dat hy skuldig is aan bedrog en diefstal. Loggenberg het vee by verskeie beleggers gehuur op die voorwaarde dat hy voordeel trek uit die melk en aandeel van die koeie, maar nie uit die verkoop van die koeie nie. Lanie Opperman het Loggenberg tot 25 jaar tronkstraf hiervoor gevonnissen, waarvan 10 jaar opgeskort is. Die bedrog beloop ’n totaal van 2136 beeste ter waarde van R29 miljoen. Hy het in 2012 in die moeilikheid begin beland en in plaas daarvan om oop kaarte te speel, het hy meer beleggers gewerf en ’n piramiedskema bedryf. Hy het die beeste wat hy

gehuur het begin verkoop om sy geldelike verpligting na te kom en die beeste se huurgeld te betaal en kon ten einde nie die beeste vervang nie. Hy het aangevoer dat die droogte, veevoer wat vergiftig was en verskeie siektes die beeste laat vrek het. Deel van Loggenberg se voorwaardes het ingesluit dat hy die beeste mag verkoop, maar weer met ’n ander melkkoei moet vervang en indien die koeie vir ’n ander rede sou vrek, moet hy dit met sy eie geld vervang. Hy het ook ander mense oortuig om gesamentlik meer as R2 miljoen in sy melkery te belê, maar het die kontant gebruik. Loggenberg was soos ’n seun vir een van sy slagoffers. Ds JJ Steyn, ’n afgetrede predikant, het sedert 2005 geld in beeste belê en 74 beeste aan Loggenberg toevertrou. Steyn het getuig dat hy ’n baie goeie verhouding met Loggenberg gehad het. 53 mense het vir die staat getuig, en volgens Opperman was almal betroubare getuïenisse.

7	9				5
3		7		6	
2	1			8	
9			3	2	
			5	6	3
		8			
8		7			
				4	1
4					7

HUIS- EN TUINBOUKLUB SKEP VOORT

Heilbron Huis- en Tuinbouklublede het ’n Whatsapp vergadering op Woensdag 20 Mei 2020 gehou, waarby almal hul boodskappe om 10h00 ontvang het. Marlice Swart het die vergadering gereël en elke lid verwelkom tot die tweede vergadering per Whatsapp. Deur in die gees die lede te laat voel almal is bymekaar, open Marlice die vergadering met Psalm 37:4. “Vind jou vreugde in die Here en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.” Marlice vertel aan die lede dat haar gunsteling kossoort en aktiwiteit as kind was wanneer haar ma kolwyntjies vir haar verjaarsdag bak, om dit te kon versier. Mens



dink mos as jy van iets hou behoort dit goed te wees vir jou, maar sy het later uitgevind tydens ’n tandartsafpraak dat dit ongelukkig nie altyd so is nie. Die teks wat voorgelees word, word dikwels misverstaan. Om te wil hê dat dit beteken dat God ons alles sou gee wat ons wil hê as ons net ons vreugde in Hom vind, sou verkeerd wees. As in aanmerking geneem word dat die kind in elkeen van ons dikwels iets wil hê wat nie goed is vir ons nie, moet ons besef dat hier nie verwys word na die verkryging van alles wat ons wil hê nie, maar wel na die verkryging van ’n nuwe stel begeertes. Die Bybel sê ons begeertes is van nature sondig en vol bedrog en ons kan nie ons begeertes vertrou nie. Ons benodig die Here om aan ons nuwe gesonde begeertes te gee, maar hoe? En Psalm 37 vertel ons: Vind jou vreugde in die Here, soek Hom, ken Hom. Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is? Om ons in staat te stel om God so intiem te ken as wat hy verlang, het Jesus Christus onder ons kom woon sodat ons hom persoonlik kan ontmoet. Sy liefde is in vele maniere bewys. Hy het ons geleer en aangespoor om vir die koninkryk van God te leef. Hy het vir ons gebed, sy eie lewe opgeoffer as betaling vir ons sondes en hy het opgestaan as oorwinnaar oor die sondes en die dood. Alles ter wille van ons om God beter te ken. Deur Jesus te ken en ons vreugde in die Here vind, sal ons vind dat ons doen wat God verlang en wanneer ons weet hoe die Here met mense omgaan, sal sy weë ook ons weë word. Die teksvers en opening is afgesluit met ’n gebed. Die vergadering is voortgesit en **die volgende vergadering sal op 10 Junie plaas te vind** en word deur Louise van der Westhuizen gereël. Bertha Hancke tree op as eerste spreker. **Suikerkuns** was haar grootste passie oor die jare en vir 46 jaar het sy geleentheidskoeke versier. Sy skop af deur te verduidelik hoe om koeke en brode op ’n ander kreatiewe manier te versier deur gebruik te maak van gepaste of vars blomme. Vir inspirasie – loop in die tuin rond met ’n snoeiskêr vir idees, die res kom vanself. Die natuur gee soveel inspirasie met die verskeidenheid kleur en tekstuur. Voorbeelde van **eetbare blomme** sluit in: Gesiggies, Rose, Madeliefies, Pronkertjies, Gousblomme, Malvas, Kappertjies en nog vele meer. Sy vertel dat sy self ook onlangs geleer het dat Gousblomme in slaai kan gebruik word deur die

geel blare los te breek en bo op mengelslaai te strooi as versiering. Baie **kruie se blommetjies** kan ook gebruik word, asook blare en takke. Chamomile het onder andere spierwit blommetjies wat mooi sal lyk. Die roosmaryn se takkies en uielowwe kan vir stingels gebruik word. Pietersielie word gebruik vir die groen blaartjies. **Knoffelhuisies** kan in die middel deurgesny word, wat dan reeds soos ’n volledige blommetjie gebruik kan word. Een huisie kan dan ook afgebreek word en in vertikale skyfies gesny word om ’n blommetjie te bou of in sirkels daarmee ook ’n blom te vorm. Sy sê sy dink ’n verjaarsdag vanuit jou tuin is baie meer spesiaal aan ’n vriendin. Die prakties agter dit alles word voortgesit en in die gepaardgaande video wys sy om een van elke brousel te versier. Sy gebruik **spekboomblare** wat ook eetbaar en baie gesond is op die brood wat sy bak. Tydens die prakties raai sy elkeen aan om die ronding van die koek af te sny en om ’n mooi plat koek te vorm of om dit as die onderkant te gebruik. **Geparste blomme** word dan op die koek geplaas. Elkeen word aangeraai om navorsing te doen en te kyk watse blomme die beste by hul persoonlikheid pas wat die koek dat meer persoonlik sal maak. ’n Roos is passievol, ’n Gesiggie is bedagsaam en ’n Madeliefie verteenwoordig onskuld. Op ’n interessante noot sluit sy dan ook af. Lanie Coetzer tree dan in nog ’n kort video op waar sy die lede wys hoe **om kolwyntjies te versier**. Met gewone wit versiersuiker is die eerste kolwyntjie van buite na binne versier in die rondte, soos almal dit maar ken. Dit is afgerond met sprinkels en blomme. Sy vertel dat Cake Flora die beste is om versiersuiker rooi te kleur. Sy skep met die volgende kolwyntjies ’n roos-effek deur nou in die middel te begin en in die rondte na buite met pienk versiersuiker te werk en gooi blinkers op vir afronding. Om gekleurde kolwyntjies te maak is die maklikste manier om die versiersuiker onderskeidelik op kleefplastiek te plaas en toe te rol. Plaas al die rolletjies kleur saam in die buis en sodoende kry jy jou reënboogkleurige kolwyntjie. Verskeie voorpunte kan aan die punt van die buis geplaas word om ander patrone en blommetjies te vorm. Lanie sê die versier van kolwyntjies is ’n goeie tydverdryf en speletyd saam met die kinders en dat enige iemand haar kan kontak indien hulle vrae het.



Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koepkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer

UIT DIE PEN

Sewentig dae. Regtig, sewentig dae. Daar word 56 keer in die Bybel verwys na 70 dae. Die Israeliete is vir 70 jaar Babilon toe weggevoer. Jesus het gesê ons moet 70 x 7 keer vergewe. Moses het 70 ouderlinge aangestel. Daar was 70 afstammelinge van Jakob wat terug is Egipte toe, en hulle het vermeerder tot duisende wat Moses daar moet uitlei.

Maar as ek hiermee begin, is ek seker dat daar 'n hele string sogenaamde "profesieë" gaan wees waar die COVID-19 pandemie in die Bybel voorspel word. Sommiges beweer dat die voorspelling hiervan in Jesaja voorkom. Jy kan dit maar glo as jy wil, ek glo dit nie.

Maar wat ek aanvanklik wou sê, is dat dit nou sewentig dae is. In hierdie sewentig dae het elkeen seker gemiddeld 5kg opgetel en al amper weer 3 verloor. Ons het geleer om zolle van teeblare te rol en (pyn)appelbier te stook. Ons werkgevers het agtergekom dat hy (of sy) ons kan vertrou om van die huis af te werk (snaaks genoeg: ek verkies my kantoor). Ons het soos een man op 1 Mei tussen sesuur en negeuur uit die bed gestrompel om met die honde te gaan stap. Teen 28 Mei was sommige ook al lekker moeg daarvoor.

Ons het geleer dat Rennies nie

net vir garage *pies* gebêre word nie. Want *garages* mog nie meer warm pasteitjies verkoop nie. Die Rennies kan ook vir jou geliefde se kos gebruik word. Ons het ons laf gelag vir die agbare Minister van Handel, Ibrahim Patel, se skreeusnaakse onnosele klerereëls (nie kortmouhemde nie, ook nie ooptoonsandale nie – onthou jy nog?) en ons was stomgeslaan deur ander onsinnege reëls.

En toe kom Reyno de Beer, 'n 43-jarige wat aan die organisasie Liberty Fighters Network (LFN) behoort. Hy het Dinsdag 'n dringende hofaansoek gewen: die hooggereshof het die inperkingsregulasies van die sogenaamde Covid Bevelsraad as irrasioneel en ongrondwetlik bestempel.

Wel, dit kon ek en jy ook gesê het, maar dit kort 'n hofsaak om dit aan die regering duidelik te maak. Die regter het die regering 14 dae gegee om die regulasies te hersien. Teen daai tyd het hulle seker al weer met 'n nuwe sakkie vol verrassing-reëls vorendag gekom.

Nietenaastende grom NDZ steeds wanneer sy die regulasies verduidelik. Wat my soms pla is dat die regering dae lank skryf aan regulasies wat vir my g'n sin maak nie. Amper soos 'n matrikulant wat geskiedenis skryf en die verkeerde langvraag gespot het. Dalk omdat dit mode geword het om uitlatings te maak? Veral wanneer die res van die land aan jou lippe hang en jy sò magsdrunk geraak het, dat dit jou nie meer traak wie wat sê nie. Jy keer selfs mense wanneer hulle aan ander basiese lewensmiddels wil skenk.

En wanneer iets "mode" geraak het, raak dit al hoe moeiliker bekombaar. Toe die wêreldwyse *Banting* dieet mode geword het, styg die prys van

blomkool, want alles wat gewoonlik van rys en aartappels gemaak is, word nou van blomkool gemaak. Jy kan nou blomkool rooster (wat nogal heel lekker is). Blomkool word fyn gerasper en nou noem ons dit *cauli-rice* en word gebruik in plaas van fyn aartappels op maalvleis vir herderspastei. Of kerrie en, nou ja, kerrie en *cauli-rice*. Jy kan laasgenoemde nou al sommer klaar voorberei en bevrore aankoop, dit maak net die lewe makliker. Ons betaal toe duurder vir blomkool. Toe besluit die *banter*s om meer aandag aan avokado's te gee. By hamburgers word die broodrolletjie vervang met 'n avokadopeer. Een helfte onder, dan die maalvleiskoekie, stukkie kaas, tamatieskyfie, slaaiblaar en die boonste helfte van die avokadopeer. Sprinkel sesamesaad oor, nes 'n broodrolletjie. Ek het dit nog nie probeer nie, maar dié wat weet sê dis lekker.

Fyn avokado word gebruik om roomys te maak, ek weet net nie hoe nie. En toe jy weet kyk, betaal jy R45 vir 3 Woolies-avokados. As jy gelukkig is. Ons betaal toe duurder vir avokados. En hier kom die onskuldige ou pynappelbier op die toneel. Ek kan onthou dat my grysse ou Moeder soms vir ons pynappelbier gemaak het (natuurlik sonder die skop, ek was nog kind). Sy sou die pynappel effens dikker afgeskil het, dit saam met suiker en water in 'n geel emmertjie gooi en dit iewers staangemaak het. Oor drie dae was dit lekker pynappelkoeldrank en na vier dae was dit nie meer koeldrank nie. Wel, dit het nie soos koeldrank gemaak nie.

Toe word dit mode. Geen drank te koop nie, dus moet daar gemaak word. Die internet is oorweldig deur

pynappelbierresepte. En ewe skielik is die ou pynappelbier tot sterstatus verhef. Splinternuwe mode. Die dae toe ek nog R7 vir 'n pynappel betaal het (en gedink dit dis baie!) is nou ver in die verskiet. Vandag sien ek pynappels teen R29.99. Vir een. Nie vir 'n kas vol nie.

Nou wonder ek twee goed: het die pynappels se prys gestyg omdat dit nou mode is om pynappelbier te stook? Die tweede is: is die gebruik van pynappels profeties? Soos wat party mense redeneer oor die verwysing na COVID-19 in die Bybel?

Want die boonste deel van die pynappel word sy "kroon" genoem. En Corona beteken ook "kroon." En Corona is ook 'n soort bier. Nou hoe op aarde kom ek hierby uit?

As jy die Bybel kan uitpluis en platstryk totdat dit in jou eie verwysingsraamwerk kan pas, kan ek sekerlik dieselfde doen met 'n eenvoudige pynappel. Dit was die derde belangrikste tropiese vrug wat in die wêreld verbou word. Maar danksy COVID-19 is dit sekerlik nou die belangrikste.

Hopenlik kom ons bevelsraad ook tot hulle sinne, en laat die vraag na pynappels daal (wanneer daar eendag weer genoeg drank te koop is), sodat die prys dienoooreenkomstig aangepas kan word.

Want my bek water vir 'n goudgeel pynappel wat jou tong lateraan rou laat voel.

Ek sal maar moet wag totdat dit nie meer in die mode is nie.

Dalk moet ek nartjiewyn probeer? Cheers, sien julle op dag sewe-en-sewentig.

TE HUUR

HUIS TE HUUR BETHLEHEM

Huis te huur in aftreeoord in Bethlehem.
NAVRAE: Me Stafford
083 330 9296 of Mnr De Wet
076 119 5282

K0714

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

G

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685

R

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars

Heilbron Herald (Edms) Bpk,

Elstraad 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140

www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

John Watson john@heilbron.co.za

Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Celésté herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 5 Junie	2 / 20	Sonnig
Sa 6 Junie	0 / 21	Sonnig
So 7 Junie	0 / 20	Sonnig
Ma 8 Junie	0 / 20	Sonnig
Di 9 Junie	3 / 20	Sonnig
Wo 10 Junie	7 / 20	Sonnig
Do 11 Junie	2 / 14	Sonnig
Vr 12 Junie	0 / 16	Sonnig
Sa 13 Junie	3 / 15	Sonnig
So 14 Junie	3 / 16	Sonnig
Ma 15 Junie	4 / 16	Sonnig

DIENTE SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

SUNDAY 21 JUNE 2020

FATHERS DAY

Andries Muller 072 447 7446

Vrystaat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.

GiG Technologies

(Pty) Ltd

- Alarm Systems
- Web Development
- Computer Products
- Internet Service
- Computer Repairs
- CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!

Address: P.O. Box 4405, Heilbron 974 279 0000
Email: info@gigtechnologies.co.za

Jenny Wireless Internet

www.jenny.co.za
087 170 0000

INFRARED THERMOMETER

LIMITED STOCK!

FEATURES:

- Automatic alarm at $\geq 38^{\circ}\text{C}$
- Accurate to $\pm 0.2^{\circ}\text{C}$
- Backlight clear reading
- Measure body temperature within 0.5 seconds
- Non-Contact 5cm-10cm

R1350

Price includes VAT & batteries
058 852 3033

Office National

Herald Office National

GREEN LABEL GARMENTS

80/20 Polyester
- Trunks stitched
- Inner leg & back side
- Monitor Breast Pocket
- Sizes 32-52

FROM **R154.50** and VAT

Also contact us for a quote on your next order. We are always happy to serve you.

OJ'S RESTAURANT

058 852 1319

TAKE AWAYS

OOP VIR OPEN FOR

01.06.2020

URE/HOURS
07:00 - 19:00

Jammer, geen aflewering | Sorry, no deliveries

1997 IS SKILDERYE OP VEILING VERKOOP



Met die saamsmelting van die Hoërskool en die Primêreskool in 1997, is die besluit geneem om al die skilderye van die twee Heilbron skole te waardeer, en op 'n veiling te verkoop teen nie minder nie as die waardasieprys. So het bykans al die erfstukke nuwe eienaars gekry.

Daar is, sover vasgestel kan word, nog sowat agt van die skilderye by die

Hoërskool. Hierdie week het Irma Venter van Klerksdorp 'n foto aangestuur van 'n W H Coetzer natuurtoneel wat sy destyds vir R6000-00 aangekoop het. Sy het nog nie die skildery laat waardeer nie. Daar was/is heelwat sentimentele waarde aan die skilderye verbonde en heelwat meningsverskil oor die verkoop van die erfstukke. *Time Gentlemen – Tom Watson*

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Wat is vir God moeilik?

Al Lingren, 'n professor by Garrett Theological Seminary, vertel dat hy een keer sy tienerseun op 'n hengeltog geneem het. Terwyl hulle in die boot sit en gesels, vra die seun skielik: “Pa, wat is die moeilikste ding wat God nog ooit probeer doen het?” Die Professor sê dat hy nie dadelik 'n antwoord gereed gehad het nie, en toe maak hy maar soos die meeste pa's en vra: “Wat dink jy?” Die seuntjie antwoord: “Sedert ek wetenskap in die skool geneem het, het ek gedink, die skepping was seker die moeilikste. By die Sondagskool het ons nou die dag oor die wonderwerke gepraat en toe het ek gedink die opstanding was dalk die moeilikste van alles. Maar toe ek nog meer daaroor dink, het ek besluit dat die moeilikste ding van alles vir God was

seker om ons te laat verstaan wie Hy is en dat Hy vir ons lief is, daarom dat Hy vir ons gesterf het. Bron: Onbekend

NS: 'n Klein regstelling met my vorige week se bydrae: dis “dra my asseblief vandag deur hierdie beproewing” en nie die woord doewing nie.

Gebed is 'n gawe van God, nie verbonde aan tyd of natuur - of dit winter of somer is. Jy kan 'n boodskap Hemel toe stuur. Bron onbekend.

Ingestuur deur Heléne Howell

Die Here is nie weg van ons krisis nie, Hy is deel van ons krisis. Die Here is nie vir ons kwaad as ons twyfel of vrees nie, Hy het juis daarvoor na ons gekom, het 'n predikant gesê.

Bron onbekend.

Ingestuur deur Heléne Howell

COMBO SPECIAL 2
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 10590.00
 incl. Setup & VAT

COMBO SPECIAL 3
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 12699.00
 incl. Setup & VAT

COMBO SPECIAL 4
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 7699.00
 incl. Setup & VAT

SPECIAL 5
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 4700.00
 incl. Setup & VAT

SPECIAL 6
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 1185.00
 incl. Setup & VAT

SPECIAL 7
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 5095.00
 incl. Setup & VAT

SPECIAL 8
 1 x 2m 2-Door Canopy
 1 x 2m 2-Door Table
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
 1 x 2m 2-Door Chair (1.8m x 2.4m)
R 950.00
 incl. Setup & VAT
R 1890.00
 incl. Setup & VAT

PLEASE NOTE:
 • Specials are valid until 30 Jun
 • This special is subject to VAT incl.
 • Please to our website for more details and to see the full range of products and prices.
 • Our best price is 3-10 working days after we have received payment and final signed off contract.
 • Contact us on 0800 800 800 or 011 400 0000 for more information.



HEILBRON KLINIEK TYDELIK GESLUIT

Die kliniek in Heilbron is gesluit aangesien sommige werkers daar in kontak was met van die persone wat positief getoets het vir Covid-19. Die Departement van Gesondheid gaan 'n mobiele gesondheidsbussie stuur tot dat die situasie in die kliniek onder beheer gebring is. Hierdie bussie sal buite die kliniek staan om basiese gesondheidsdienste te lewer. Tot dusver was die bussie nog nie in die omgewing van die kliniek gesien nie. Almal wat in kontak was met dié wat positief getoets het, sal gekontak word om die verspreiding van die virus te beperk. Daar is kommer onder inwoners omdat kliniekpersoneel in kontak was met die publiek. Volgens die

Departement van Gesondheid staan die Fezile Dabi distrik steeds op 35 positiewe gevalle waarvan Ngwathe Munisipaliteit 'n totaal van 19 bevestigde gevalle het. Hiervan is daar 10 gevalle in Heilbron. Op 2 Junie is inligting deurgegee van VF Plus raadslid, Phillip van der Merwe, dat daar moontlike gevalle in die vullisverwyderingspanne en waternetwerk onderhoudspanne aangemeld is. Hierdie dienste is opgeskort sodat betrokke spanne getoets kan word. Nog geen uitslae is hiervan bekend gemaak nie. Daar word egter 'n beroep gedoen op inwoners om eie veiligheid toe te pas en die basiese gesondheidshigiëne te handhaaf.

JAG TYDENS FASE DRIE

Covid-19 het die wêreld waarin ons lewe heeltemal verander. Ons bekommer ons oor vriende, familie, kinders, ons beshgede en ons werke. Op die ou end het hierdie pandemie die mees gevreesde terroris geword en los ons vreesbevange en angstig. Intussen kan ons verwag dat Suid-Afrikaners binnekort die Bosveld gaan besoek om vir 'n naweek of so van die werklikheid te ontsnap. Die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserie het gepubliseer dat onder die volgende omstandighede gejag mag word tydens fase 3 van die inperkingsperiode:

- Jag mag vir bestaansdoeleindes gedoen word; die primêre doel van die jag is om vleis vir persoonlike verbruik te bekom.
- Persone mag oor die distriks-, metro- of provinsiale grense na die jagbestemming reis, aangesien jag 'n wildbestuursdiens is.

Regulasies 33 (4) maak onder meer voorsiening vir sulke reis vir enige toegelate diens.

- Die grondeienaar moet 'n permit uitreik aan elke persoon wat vir die jag reis, met inligting oor die volgende op die permit: Volle naam, aanvangs- en einddatum van jag, spesies en aantal diere wat gejag word.
- Die jagter/s mag in die jagkamp van die grondeienaar oorbly, dit wil sê dat akkommodasie op die perseel voorsien moet word.
- Die grondeienaar is verantwoordelik om protokol vir gesondheid en veiligheid in stand te hou.
- Die bogenoemde mag verander op die aangepaste regulasies wat gepubliseer sal word deur die Minister van COGTA binne 14 besigheidsdae vanaf uitspraak gemaak deur die Hooggeregshof op 2 Junie 2020.

NG KERKE IN HEILBRON NOG GESLUIT

Geloofbyeenkomste word toegelaat onder die fase 3 regulasies. Slegs 50 persone word toegelaat regoor Suid-Afrika om byeenkomste by te woon in kerke, moskees, sinagoges en tempels. Moedergemeente en Suidkerk het die rasionele besluit geneem om gesluit te bly. Beide Ds. Tiaan Victor en Ds. Braam van Zyl wil baie graag eredienste laat voortgaan en was opgewonde om die dienste te hervat op 7 Junie, maar het besluit om te wag totdat die regulasies verslap. Nadat uiterse streng maatreëls in die staatskoerant gepubliseer is, veroorsaak dit dat beide kerke voortgaan met die digitale platforms om 'n boodskap uit te kry. Die regulasies sluit onder andere in soos ontvang van Ds. Tiaan Victor:

- Nie meer as 50 lidmate per diens (ingesluit die leraar en almal wat die take moet uitvoer) nie
- 1.5 m moet tussen lidmate gehandhaaf word

- Families wat nie bymekaar woon nie, mag nie bymekaar sit nie
- Dra van maskers is verpligtend
- By die deure moet koors geneem word, 'n sifting moet gedoen word en handreiniger moet op hande gespuut word
- Register van bywoning van elke byeenkoms moet gehou word met volledige inligting van elke bywoner vir 6 maande
- Lidmate bo ouderdom van 60 en kinders word aangemoedig om tuis te bly
- Geen sang of sosiale aktiwiteite nie
- Die hele kerkgebou moet voor elke byeenkoms ontsmet word

Hierdie maatreëls veroorsaak dat 'n klein getal mense dienste mag bywoon, en die doel en die gewydeheid van 'n erediens nie tot volle reg sal kom nie. Kontak jou dominee of predikant om uit te vind hoe die dienste sal voortgaan.

Herald
Office National

Logitech MK220
 Space-saving wireless keyboard and mouse combo
 VAT included
R345

NID LOOF #LOCKDOWNRUN-DEELNEMERS **SPORT**

Nagenoeg 23 Heilbronniers het die afgelope maand gewys dat, ten spyte van die winterkoue wat al in die omgewing ingetrek het, hul harte steeds warm klop.

Dit volg nadat verskeie inwoners aan die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) se #LockDownRun-uitdaging deelgeneem het.

Die NID het dié uitdaging as fondsinsameling geloods en Suid-Afrikaners uitgedaag om 5 km ten bate van die instituut te stap, draf of trap.

Die uitdaging het 1 Mei begin en deelnemers moes voor 31 Mei hul

TRAP VIR DOWES: Die Els gesin en twee vriende, het hul gewig ook agter die NID se #LockDownRun-fondsinsameling gegooi. Op die foto, van links, is: Albert, Colett, Arno en Erna Els, Anika Jordaan en Harm Lombard. Ruan Els neem die foto. Die groep was braaf genoeg om die uitdaging nie net per fiets nie, maar ook per voet aan te pak.

5 km aflê. Verskeie deelnemers het sommer van die geleentheid gebruik gemaak om die afstand te draf én te trap.

“So met die koue saam het mens maar altyd ‘n bietjie ekstra motivering nodig om jou tekkies aan te trek. Hierdie was ‘n lekker rede om die wekker te stel, die

luiheid te los en in die pad te val,” het Annari Combrink, een van die deelnemers vertel.

Die jongste ingeskrewe deelnemers aan die uitdaging, het ook uit Heilbron gekom. Elzeri Combrink en John-Ric Pretorius, beide Gr. 3-leerders aan die Hoërskool Heilbron, het 12 km

per fiets afgelê om hul steun aan die NID te toon.

Die instituut het deelnemers op hul Facebook-blad geloof vir hul ondersteuning. Volgens die organiseerders het dié inisiatief alle verwagtinge oortref en is hul dankbaar vir elke bydrae wat hul op hierdie wyse ontvang het.



MERKE, GEREED, TRAP! Wentzel van Tonder, Michelle Visser en Karin van Wyk het gewys dat hul nie vir ‘n uitdaging terugstaan nie toe hul aan die NID se #LockDownRun-uitdaging deelgeneem het.

IS HEILBRON GEREED VIR “WINTERSPORT”

• Tom Watson

Dit is weer die tyd van die jaar waar daardie “koue fronte” sy aanslag gaan maak op inwoners - brande en ongelukke!

Met die Covid-virus se inperkings wat geleidelik gelig word gaan die padverkeer weer toeneem en verseker gaan die nuwe hoofweg vanuit die noorde na die suide sy tol eis. Dan is daar die naderende winterkoue wat brande op sy spyskaart het!

Dit klink wreed maar dit is ‘n werklikheid. Is Heilbron gereed vir die aanslae?

Wat ongelukke betref is die nooddiens ambulans gereed vir

bystand waar nodig, maar die brandweer kan ‘n probleem wees. Sover vasgestel kan word bestaan Heilbron se brandweer uit een “firefighter” wat ook nie altyd op sy beste is nie.

Die gesondheidsafdeling van “dorp is sekere pligte verskuldig aan sy belastingbetalers en dit sluit die dienste in.

Nuusberigte rapporteer reeds brande op verskeie plekke. Die boeregemeenskap loop ook reeds met hul oë gerig op die horison – soek of daar nie ‘n rokie is wat êrens die blou lug verkleur nie.

René van die Beheersentrum op Heilbron (Tel. 05885 21552) vertel dat sou iemand ‘n ambulans benodig is daar beskikbaar by die distrikshospitaal (Tokollo hospitaal tel. 05885 35400) op Heilbron. Sy help graag en het ons ook meegedeel dat ingeval van ‘n brand die boere altyd behulpsaam is om bystand te verleen.

Ingeval van ‘n brand kan u ook Ngwatho munisipaliteit skakel - 05885 22014 - kantoorure.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.wissentrail.co.za

WISSENTRAIL

J.J. Hulsebeestraat 97,
Frankfort, 9530
Self: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 8 JUNIE 2020

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwrij Bezuidenhout 082 827 7443

DINSdag - 9 JUNIE 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERdag - 11 JUNIE 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 218 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

VRyDag - 12 JUNIE 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Postbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071. Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

